

**Skriflesing:** Johannes 19:28-42  
 Heidelbergse Kategismus: **Sondag 16**  
**Ps. 116: 1,2; Ps. 119:40; Ps. 102:1,8**

Broeder en suster- Die gedagtes aan die dood kan ontsettende gedagtes wees. Kan daar 'n groter en wreder mag op hierdie aarde wees, as juis die dood? Dit is só, ons het in die dood met baie onverstaanbare dinge te doen, maar ons het ook in die dood met die grote God te doen. Die God van die lewendes en die dooies. Die God soos ons in Sondag 1 (v/d HK) al bely kon word, **wat my in lewe... en in sterwe WIL TROOS!** In die dood, deur die dood, ja selfs na die dood wil God my troos.

God troos ons deur sy Heilige Gees wat Hy juis as Trooster na ons laat kom het en dit deur die dood. Ons belydenis uit die Kategismus wil ons ook troos deur die dood heen. Deur die dood van Jesus Christus, wat hulle dood van daardie kruis afgehaal het. Watter troos is dit, om te weet hulle het die Here Jesus waarlik doodgemaak?

\*\*\*

Waarom vra ons belydenis en dit tot drie maal...eintlik tot vier maal toe ! **Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het? Waarom is Hy begrawe.** En die voorlaaste waarom- **Waarom volg daar: neergedaal het na die hel?** Hierdie drie waaroms van Christus se dood omring die ander waarom – die waarom van ons dood. **As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe... (ons kan ook sê *waarom*) waarom moet ons dan ook nog sterwe?**

\*\*\*

Christus was waarlik dood....Ons belydenis wil ons in aanraking met sy graf bring. En in die graf van Jesus sien ons die vernedering wat God se Kind, die Seun van God tot op die laaste moes deurmaak. Na sy liggaamlike dood vorm die graf nog deel van Jesus se vernedering. Soos 'n mens is Hy volgens die voorbereiding en gewoonte van die Jode begrawe.

Nikodemus en Josef van Arimethea is die ondernemers by hierdie begrafnis. Na al die voorbereiding met die salwe en speserye is die liggaam in linne doeke toegedraai en in 'n nuwe graf neergelê. Die graf was naby die plek waar hulle Jesus gekruisig het, as deel van 'n tuin. Die mens se begin was in n tuin, die tuin van Eden, nou wil dit lyk, die Mens wat vir ons as mense Mens kom word het en vir ons sonde gesterf het, sy einde blyk nou ook in 'n tuin te wees.

Sy geboorte in die krip, sy lyde dwarsdeur sy lewe, sy sterwe aan die kruis, sy begrafnis in die tuin, deur dit alles heen is Christus verneder. Van Kersfees tot Paasfees was vir Christus vernederend! Tot in die dood sê ons belydenis... en waarom?.. **sodat die geregtigheid en waarheid van God betaal kon word.**

Aan die kruis het Jesus mos klaar betaal? Waarom nou nog betaal? Genoeg was darem seker ook genoeg. U moet nie vergeet nie, dat al het Jesus klaar aan die kruis betaal, Hy het aan God se toorn en God se oordeel en God se vloek het Hy voldoen, dit alles is volbring, maar God se straf op die sonde is die dood. Die dood wat Adam, wat u en ek in Adam moes sterwe. Dit is soos wat die Here mos vir Adam nog gesê het.....*Want die dag as jy daarvan eet sal jy sekerlik sterwe.....*En Romeine 6:23 – *Want die loon van die sonde is die dood.....*Dit is waarom Jesus Christus, die tweede Adam die dood moes ingaan.

En moet u onthou as ons van dood praat, dan is die dood altyd drieërlei – die geestelike dood, die liggaamlike dood en die ewige dood. Die tydelike of die liggaamlike dood sien ons in sy sterwensoomblikke – *Vader in u hande gee Ek my gees oor...* Die geestelike dood is die verlating van die Vader. Dit was die ergste.....dit was dire neerdaling ná die hel. Die ewige dood is die lyde wat Hy vir ons ewige straf moes deurgaen en dit ook in die graf. Die waarheid en die geregtigheid van God het dit geëis. Psalm 97:2 noem die geregtigheid en die waarheid *die grondslag van God se troon*. God het dit geëis dat Hy die dood in al sy vorme moes sterf.

\*\*\*

En dit alles vir ons sondes, daarom het Hy gehoorsaam die dood ingegaan. Selfs sy begrafnis was 'n daad wat Jesus Self bewustelik na sy Godheid uitgevoer het. Sy lyde, sy sterwe, selfs sy begrafnis, het Hy na sy Godheid welbewus aktief uitgevoer. In die graf is Hy begrawe as versekering dat Hy waarlik gesterf het. Die spies wat hulle in sy sy gesteek het, waarskynlik ook deur sy hart, was eintlik al klaar 'n bewys dat hier van skyndood nie sprake kan wees nie, maar dat Jesus werklik gesterf het. Daarvoor is Hy begrawe.

\*\*\*

En dan maak ons belydenis die sprong van die een graf, na ons grafte. Waarom moet ons dan ook nog sterwe as Christus dan klaar vir ons gesterf het. Ons kan selfs nog verder gaan en vra hoekom kan ons nie maar die dood vryspring en dat daar by ons van 'n direkte hemelvaart sprake kan wees. Daar was dan ander mense wat 'n hemelvaart gehad het, sonder dat hulle

gesterf het. Ons dink aan Henog en aan Elia. Hulle is voor hulle dood weggevoer na die hemel.

Ons wegvoering kom by wat ons in 1 Thessalonicense 4:17 lees – *Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.* Die Griekse woord om weggevoer te word, beteken letterlik, om na God weggeraap, weggeruk te word, dit dui op die spoed en die krag waarmee dit sal gebeur. Met die wederkoms van Christus, sal alle mense weggevoer word, die Here tegemoet in die lug en dan sal die finale oordeel plaasvind en daarmee saam breek die ewige lewe vir God se kinders aan.

\*\*\*

Die dood wat op ons elkeen wag en wat ons as't ware inwag, is die begin daarvan. En die troos van hierdie antwoord kan niemand seker duideliker verklaar as net die belydenis self nie – **Ons dood is nie 'n betaling vir ons sonde nie, maar slegs 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe.** Ons dood, die dood van die gelowige is soos die dood van Elisa, eintlik 'n heerlike gebeurtenis. Hoekom was Elisa se dood so wonderlik heerlik. Gaan lees 2 Konings 13 dan begryp ons iets van die heerlikheid daarvan. Deur die dood van Elisa verkondig die Here die lewe, soos wat ons belydenis ook die lewe na die dood verkondig.

Elisa was dood in sy graf, daar was net nog beendere oor, maar toe jare later 'n ander gestorwene deur spoed en nood vinnig Elisa se graf ingegooi word, want terroriste was op die begrafnisgangers se spoor, lees ons in 2 Konings 13:21 – *toe die man met die gebeente van Elisa in aanraking kom, het hy lewendig geword en opgestaan op sy voete....* Wat sê dit vir ons – Elisa se liggaam was dood, daar was nog net bene in daardie graf, maar God se Woord gaan nie dood nie. God se Woord bring deur Elisa se dood, deur Christus se dood, ja selfs deur u en my dood wil God se ewige Woord die lewe bring. In my dood, midde-in die doodsgevaar, kan ek weet ek lewe tot in ewigheid. God se kind sal altyd bly lewe.

\*\*\*

By die liggaamlike dood van God se kind, is dit nie die einde nie. Laat dit vir ons 'n troos wees. My dood, my sterfbed, is vir God maar net nog 'n werkplek om my vir sy ewigheid te vorm, al lyk dit vir ons as mense so finaal. Vir God is dit alles behalwe finaal. Vir God is dit in 'n sekere sin eintlik maar die begin. My begin in die hemel. My dood is 'n deurgang tot die ewige lewe. En dit gebeur dadelik. In Sondag 22 sal ons later nog weer hierby kom. Ek

sterf hier, maar dadelik is ek by Christus. Hier op aarde word my oë vir die laaste maal gesluit, maar ek maak hulle dadelik weer in die hemel oop.

My siel sal dan al hemelse heerlikheid smaak, al word my liggaam stof. My siel kan nie stof word nie, want ons het 'n lewende siel, 'n siel waarvan God Self die lewe met sy asem in ons neusgate ingeblaas het. Nadat Abel doodgeslaan is, is daar nog lewe. Die bloed van jou broer, m.a.w. sy lewe, roep na God. Abel se siel bly leef, al is sy liggaam doodgeslaan. So bestaan die siel vir altyd, of in die hemel....of in die hel. Die hel met al sy aanvegtinge en pyn en smarte en verskrikkinge en angs. Dit is wat ons belydenis van die hel sê, sonder om eintlik die vraag werklik te beantwoord. Ons kan egter vertroos weet dat die Here Jesus Christus, dit alles deur ly het, selfs die hel aan die kruis, om my van die helse angs en pyn te verlos.

\*\*\*

Die vraag aan u en my is of u eendag waardig in die hemel gaan lewe, nadat u gesterf het. As u naby die Here leef dan is u ou mens, ook nou 'n gekruisigde, gestorwe en begraaft mens. Ek sal dan saam met Paulus dit kan sê. Ek hang ook aan die kruis, ek is ook begrawe – Galasiërs 2:20 – *Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. en wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het.* As dit van my gesê kan word, ek hang ook aan die kruis en my lewe is Christus dan kan u verseker bely dat **ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar dat ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.**

Dan het ons niks om te vrees nie, al sou ons sterwe en by ons sterwe sal die mense rondom die graf kan sê-ons dierbare is 'n ontslapene wat sal opstaan as die Here Jesus kom en Hom tegemoet sal gaan om altyd by die Here te wees. Maar dan moet u nou alreeds naby die Here leef, want wie nie nou naby die Here leef nie, sal nie eendag by die Here wees nie.

AMEN